

Bylae B: Doeltreffende bestuur van munisipale en nutsdienste

Skole moet toepaslike maatreëls instel om die mees ekonomiese, doeltreffende en volhoubare gebruik van munisipale en nutsdienste te verseker. Beheerliggame moet verbruikstendense gereeld monitor, ongewone stygings in verbruik identifiseer en regstellende stappe doen, waar nodig.

1. Elektrisiteit

Skole behoort die volgende te doen:

- Skakel ligte in klaskamers, kantore en ander fasiliteite af wanneer die lokale nie in gebruik is nie.
- Benut natuurlike lig optimaal gedurende die dag.
- Skakel rekenaars, drukkers, projektors, fotokopieermasjiene en ander elektriese toerusting af wanneer dit nie in gebruik is nie.
- Beperk die gebruik van toestelle wat baie krag gebruik tot slegs die nodige bedryfsvereistes.
- Maak seker dat slegs noodsaaklike sekuriteitsligte na-ure aangeskakel is.
- Vervang konvensionele ligte met energiebesparende ligemissiediode-beligting (LED-beligting) waar dit finansieel uitvoerbaar is.
- Installeer, waar moontlik, elektrisiteitsmeters of energiebestuurstelsels om begrotings, beheer oor uitgawes en monitering van verbruik te verbeter.
- Monitor maandelikse elektrisiteitsverbruik en ondersoek beduidende onverklaarde stygings.

2. Water

Skole behoort die volgende te doen:

- Gebruik besproeiingstelsels verantwoordelik en slegs wanneer nodig.
- Gaan krane, toilette, urinale, watermeters en pype gereeld na vir lekkasies.
- Maak seker dat die watertoevoer na buitekrane ná skoolure en oor naweke, waar prakties moontlik, afgesluit word.
- Monitor maandelikse waterverbruik en vergelyk verbruikstendense met vorige tydperke.
- Ondersoek abnormale stygings in verbruik onmiddellik.
- Installeer slim-watermeters, stelsels wat lekkasies outomaties opspoor of waterbestuursdienste, waar beskikbaar.

- Moedig personeel en leerders aan om water te spaar.
- Vang reënwater op, waar moontlik, of implementeer ander volhoubare waterbesparingsinisiatiewe om afhanklikheid van munisipale water te verminder.

3. Vullisbestuur

Skole behoort die volgende te doen:

- Maak 'n opname van die getal en grootte van vullisdromme om onnodige munisipale uitgawes te vermy.
- Bevorder herwinningsinisiatiewe om afvalvolume te verminder.
- Hou herwinbare afval apart indien munisipale of private afhaaldienste beskikbaar is.
- Hersien van tyd tot tyd vullisverwyderingsdienste om te verseker dat die mees koste-doeltreffende opsie benut word.

4. Monitering en finansiële bestuur

Die beheerliggaam behoort toe te sien dat:

- munisipale en Eskom-rekeninge maandeliks nagegaan word voordat betalings gemaak word;
- verbruikstendense gemonitor en onverklaarde afwykings onmiddellik ondersoek word;
- meterlesings gereeld geverifieer word om moontlike lekkasies, foutiewe meters of abnormale verbruik op te spoor;
- uitgawes vir nutsdienste deel vorm van die skool se maandelikse finansiële moniteringsproses;
- skole wat volgehoue stygings in die koste van nutsdienste ervaar, toepaslike regstellende maatreëls implementeer om doeltreffendheid te verbeter en te voorkom dat munisipale skuld oploop; en
- skole wat deel van munisipale slimmeter- of ander insiatiewe is, die inligting wat verskaf word aktief gebruik om verbruiksbestuur te verbeter.

5. Bewustheid en verantwoordelikheid

Skole word aangemoedig om 'n kultuur te bevorder waar hulpbronne verantwoordelik gebruik word deur die volgende te doen:

- Skep bewustheid by leerders en personeel oor die verantwoordelike gebruik van elektrisiteit en water.
- Maak hulpbronbewaringsinisiatiewe deel van omgewings- en volhoubaarheidsprogramme, waar toepaslik.
- Moedig alle lede van die skoolgemeenskap aan om lekkasies, foutiewe toerusting of onnodige energieverbruik onmiddellik aan te meld.